GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

Februarie 2020 - Jaargang 17 Uitgawe 1

Elke dag van 2020 ’n geskenk uit Sy hand

- Ds Izak Liebenberg

Elke nuwe jaar is ‘n geskenk van die Here. Die Here gee dit gratis en verniet aan elkeen van ons. Net die voorreg om 2020 te kan skryf is klaar ‘n stuk genade.

Daar is ‘n mooi Ierse seënbede wat ons behoeftes vir die nuwe jaar verwoord:

Mag die pad voor jou gelyk raak.
Mag die wind altyd van agter af waai.
Mag die son warm op jou gesig skyn;
die reën sag op jou lande val en totdat ons weer ontmoet,
mag GOD jou in die palm van sy hand hou.

Op elke almanak word die jaar ingedeel in blokkies. Hierdie jaar is daar een blokkie meer as gewoonlik – dit is skrikkeljaar. Ons leef die jaar so een blokkie op ‘n slag. Wat maak jy met elkeen van die blokkies wat die Here jou gee? Stephan Joubert skryf in sy boek met die titel ”*Die moed om vir vandag te lewe*”: "Almal beplan vir die dag van môre. Almal is op pad daarheen. Vandag is vir baie vaal en flou en mistroostig. Maar môre, iewers vorentoe in die jaar, gaan die goeie goed gebeur. Dis omtrent soos die boer wat die horison dophou om te sien wanneer die wolke kom wat die reën bring. Almal se hoop is op die toekoms gerig. Die toekoms is alles, terwyl vandag ongesiens by jou verbygaan.”

Die kerk mag nie net vir môre leef nie. Die kerk moet omgee vir die mens van vandag. Miljoene mense dink nie eens aan môre nie. Hulle stryd gaan om vandag te oorleef en om vandag iets te hê om te eet.

In die Bybel is *vandag* die heel belangrikste dag.

God het die wêreld gemaak dag na dag.

Hy sorg vir elke dag en gee ons ons daaglikse brood.

Die Here maak ons elke dag nuut deur sy Gees wat in ons woon.

Word in 2020 ‘n “vandag-mens”. Moenie wag vir môre nie. Begin vandag voluit leef.

Kies elke dag om tot eer van die Here te lewe.

Moet jou nie doodbekommer oor die toekoms nie. Die toekoms is die Here se afdeling. Ons het net vandag. In Matteus 6 het Jesus gesê ons moet ons nie vandag al oor môre bekommer nie. Môre sal vir môre sorg. Vertrou die Here met môre en leef vandag voluit en tot eer van die Here.

Mag jy *vandag* en elke dag die vrede en die vreugde van die Here ervaar.

Helder Somer-Kerssangfees - Wihan Rossouw

Op Sondag, 24 November, het NG Meyerspark die ongelooflike voorreg gehad om saam met Jannie du Toit 'n Somer-kersfees te kon vier in ons eie kerkgebou.

Jannie du Toit is natuurlik 'n legendariese figuur in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse musiekbedryf en menigte van sy liedere en skrifberymings is al vir jare diep in ons harte gegraveer. Daarom was dit geen verrassing dat hy die hele gemeente in verwondering kon wegvoer nie. Van Stille Nag tot Somer-kersfees, van Pie Jesu tot Koos du Plessis se Gebed: - elke oomblik was 'n belewenis

En wat hierdie oggend net nog soveel meer spesiaal gemaak het, was dat daar bo-op die gestrykte snare van Susan Mouton en die klawers van Chanie Jonker, die engeleklanke van die A Capella groep Breathe geplaas is. Ja, saam met die geykte stem van Jannie du Toit, het ons die hartroerende voorreg gehad om die stemme van Gabisile Nkosi, Sizwe Mondlane en Sandile Mcunu te beleef. En soos wat die harmonie bymekaar gekom het, het hulle boodskap ook verenig tot voedsel vir die siel.

Ten slotte, bedank ons graag vir Francois van Niekerk, ons bekwame orrelis vir sy wonderlike reëlings en asemrowende begeleiding tydens hierdie sangfees. Soos Jannie gesê het, hoe bevoorreg is ons nie om Francois as orrelis te kan hê nie.

Ko'laat ons sing

Besoekers aan ons gemeente en nuwe intrekkers sê dit elke keer. Soms sê ons dominees dit van die preekstoel af. Besoekende predikante kan nie daaroor uitgepraat raak nie. Mense wat voor in die kerk sit, beleef dit elke Sondag.

Dit het alles 'n hele paar jaar gelede begin. Ons gemeente se orrelispos was vakant. Die drie of vier aansoekers vir die pos het elkeen 'n beurt gekry om die gemeentesang tydens 'n erediens te begelei. Ek het altyd op die gallery gesit, en nadat een van die kandidate sy ding gedoen het, het ek aan die einde van die diens 'n briefie geskryf en op sy

sitplek neergesit. "Dankie Francois. Ons het vandag lekker gesing." Van toe af sing ons gemeente heerlik tot eer van die Here.

Mettertyd het Francois se musiekinstrument roem verwerf. Die instrument is eintlik die gemeente wat sing, maar die groot katalisator is Francois se begeleiding. Tydens verlede jaar se ringsitting het die ringsvergadering onomwonde verklaar dat Francois die beste orrelis in die land is. Mens kan maklik sê dat dit maar die opinie van 'n klompie ringspredikante is, maar toe kom ons Kerssangdienste. Jannie du Toit wat wyd deur Suid-Afrika in gemeentes optree, raak die volgende kwyt aan die einde van die diens. "As orrelis van 'n gemeente is Francois enig in sy soort." Komende van Jannie kan mens weet die ringsvergadering het nie die bal misgeslaan nie.

Dankie Francois. Ko' laat ons sing. Tot eer van die Here.

Gesinsdiens 2020 - Wihan Rossouw

Hoekom kerk? Hierdie is 'n vraag wat al eeue kom. Ons weet dat ten minste sedert die hervorming / reformasie in die sestiende eeu, mense hierdie vraag vra. Maar wat is die antwoord? Die Gesinsdiens gaan in 2020 hierna kyk met ons jaartema:

"Ek kom nie kerk toe nie, ek is die kerk".

In ons gebedsmaand word die fokus geplaas op die geestelike oorsprong van die kerk in die Bybel. Hier kyk ons na die eerste gemeentes van die Christendom, veral in verband met ons gebedsfokuspunte. Hier is dit belangrik om te onthou wat maak van iets 'n gemeente en wie die kerk se hoof is (NB! Dis Christus).

In Februarie gaan ons uitbrei deur spesifiek te kyk na hoekom ons 'n "Gereformeerde kerk" is en wat dit vir ons beteken. Ons gaan vrae vra soos: Wat beteken Sola Scriptura, Sola Fides en Sola Gratia? Hoekom was 'n hervorming / reformasie nodig? Hoe word jy gered?

Ons sien uit om saam 'n pad te stap.

Getuienisfees op 1 Maart - Gerrit van Niekerk

Ons jaarlikse Getuienisfees vind op 1 Maart plaas. By daardie geleentheid sal **Ds Louis Brittz** die diens lei en ons ook bietjie meer vertel van FEBA radio.

Dit is ook die geleentheid waar ons vrywillige bydraes kan maak vir die **Koop-'n-Bybel-Skenk-'n-Bybel projek**. Die bydraes wat die gemeente maak, word gebruik om Bybels teen omtrent halfprys te verkoop aan pendelaars by die bushalte in Watermeyerstraat wat in 'n Bybelkiosk omskep is. Die kiosk word beman deur Princess Gavu.

Hierdie projek is in 1992 begin deur wyle Orrie de Ridder. Johan Pretorius het die verantwoordelikheid oorgeneem en was vir baie jare in beheer met die hulp van Gerrie Venter. Daarna het Francois Humphries vir 'n kort tydjie oorgeneem. Tans is Louis Engelbrecht die projekleier.

Ten spyte van moeilike finansiële omstandighede het die gemeente nog altyd mildelik bygedra. Ons loof en dank die Here daarvoor.

Ons embleme - Wessel Rossouw

Links voor in die kerk is daar 'n embleem wat lofprysing uitbeeld. Elke kwartaal word die lofwoord onder die trompetblaser met 'n nuwe een vervang. Regs voor in die kerk is die koring-korrelembleem. Elke maand word die maandtema met 'n gepaste teksvers onder die embleem geplaas. Dit was Desembermaand ook nie anders nie.

Genade onbeskryflik groot

Die ganadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus. Rom 6:23

Lees mens Rom 6:23 kom jy agter dat die teksvers soos in die kerk geplaas, anders is as in die Bybel. Het jy dit agtergekom? Ds Izak het nie. Ek het ook nie. Johan Viljoen het. En die Here het sekerlik, maar wat Hom betref is ons g*a*nadegawe in sy oë steeds 'n wonderlike g*e*nadegawe. Dalk moet ons die embleme deurkyk vir glipse, maar terselfdertyd ook let op die boodskap. Sy "genade" is vir ons genoeg.

Fasiliteite verfraai die kerk se tuin

- Salty Thompson

Beste wense vir 2020 vir almal vanuit Fasilitiete geledere.

Aangesien die finansies effe knyp, is ons tans meestal gefokus op onderhoud van noodsaaklikhede. Ons is afhanklik van ieder en elk se oë en ore om dinge wat aandag verg te rapporteer en sal dit daarom waardeer as u enige 'leemtes / gebreke' wat u opmerk onder ons aandag bring. Ook as daar spesifieke behoeftes van die ander bedieninge is waarvoor Fasiliteite moet begroot sal ons dit waardeer as dit so spoedig moontlik aan ons deurgegee word: - dit miskien

meer spesifiek met geleenthede soos ons jaarlikse kermis of ander funksies wat julle gaan aanbied in gedagte.

In die jaar wil ons daarvoor sorg dat ons terrein en tuine ietwat meer warm en vriendelik gemaak word. Waar u plante in u tuine uitdun wat ons dalk sal kan gebruik, sal ons dit verwelkom indien u dit aan ons sal gee eerder as om dit in die munisipaliteit se asblikke te gooi. Sulke plante kan u Sondae vir die koster laat kry.

Dalk sal ons wel iewers 'n plekkie daarvoor hê. Daar is 'n paar van ons beddings op die terrein wat te veel van dieselfde soort plante het wat dit eentonig laat voorkom. Ons wil daardie beddings weer mooimaak.

Salty Thompson (Voorsitter Fasiliteite (072 969 6613)

Paasfees 2020 op ’n nuwe manier

- Ds Izak Liebenberg

Wanneer ons as Christene die woord “Paasfees” hoor, gaan daar skielik ‘n klomp dinge deur ons gedagtes. Miskien dink jy aan groot saamtrekke, aan Jesus se lyding op aarde, Sy sterwe en opstanding en ‘n leë graf. Paasfees herinner ons ook aan Jesus se oorwinning oor die sonde en die dood. Die kruis vertel van vergifnis en ‘n nuwe lewe. ‘n Mens kan jou nie ‘n jaar en ‘n lewe indink sonder Paasfees en die boodskap van Paasfees nie. Oral in die wêreld word elke jaar groot saamtrekke gehou om hierdie fees te vier, maar in ‘n groot stad en 'n gejaagde lewe kan dit maklik gebeur dat so ‘n spesiale geleentheid by jou verbygaan sonder dat jy dit besef.

'n Fees van eredienste

Dit mag nie gebeur nie. Daarom het die Verheerlikbediening en lidmate wat in 2019 die Via Dolorosa help aanbied het, besluit om Paasfees weer op 'n nuwe manier in die gemeente te vier. Vanjaar word 'n reeks van nege Paastemas tydens eredienste aangebied. Dit sal strek oor die sewe Lydensweke en eindig in die Paasnaweek. Verskillende groepe uit die gemeente sal saam met die prediker vir die Sondag die erediens beplan. Terwyl die eredienste steeds gewyd sal wees, kan die tema van die erediens uitgebeeld word met beeld en klank. Op die manier kan alle lidmate en gaste die Lyding van Jesus, die Via Dolorosa en Jesus se oorwinning aan die kruis beleef, daaraan deel hê en geestelike groei.

Die nege temas oor die sewe Lydenssondae en Paasnaweek is:

1. Kyk jou Koning kom en Hy ry op ‘n donkie
2. Jesus by die tempel in Jerusalem
3. ‘n Koringkorrel sterf
4. Aan tafel met die Koning van die Konings
5. Verraai, en om verraai te word
6. Weg met Hom! Kruisig Hom!
7. Laat Hy Sy eie kruis dra
8. Jesus sterf (Nagmaal)
9. Die wonder van die leë graf...

Almal genooi

Die eerste Lydenssondag is 23 Februarie 2020, en ons nooi almal hartlik uit om daaraan deel te neem en die geleenthede by te woon. Mag dit jou geloof versterk en jou net weer bewus maak van die liefde van Jesus - die prys wat Hy betaal het sodat jy vandag 'n verloste kind van die Vader kan wees!

*As jy op enige wyse betrokke wil wees by die voorbereiding/ aanbieding van enige van die geleenthede, stuur gerus 'n whatsapp aan of skakel **ds Liebenberg, (083 407 7858) of die kerkkantoor (012 803 1531)**

Seniors draai stokkies

Op 3 November 2019 het 26 lede van die Seniorbediening die Gautengstof van hulle voete afgeskud. Die bestemming? Stokkiesdraai by Badplaas. Teen middagete het almal al aangekom en hulle in die gerieflike woonplekke tuisgemaak – ‘n string kamers langs ‘n lekker lang stoep. Voorlopige reëlings vir ons week word by die ete vir ons gegee - as jy laat is vir ete, sal jy ‘n solo moet sing; soggens 07:30 is daar ‘n oggendgodsdiens; saans 19:00 het ons een of ander program en daarna lei ds Niekie ‘n Bybelstudie uit Openbaring.

Nou wat van tussenin? Dis jou eie saak. Ons sit op die stoep om tafeltjies en **S**peel – krabbel, rummykub, kewer, kniffel. Of partykeer speel ons “pool”. Of as die klok lui, begin jou mond water soos die bek van Pavlov se brak, en dan gaan ons **E**et. Of ons sleep ons stoele uit ons kamers uit en sit buite in ‘n kring en **K**lets. Of ons **S**wem in die oord se onderdak swembad. Of ons **S**laap – nie net snags nie. Sommer so tussenin ook. Party mense het sommer net gaan ry en die omgewing verken.

Die aandprogram is gereël deur Ben en Joana – bingo speel; ballonsokker (of so iets); sakkies gooi; rummykub en krabbel; geskenksakke maak van tydskrifblaaie. Daarna het ds Niekie Openbaring vir ons oopgeblaai.

Die laaste aand het ons self ons vleis gebraai. Ds Niekie het die wors en tjops gebring (baie dankie) en die kombuis het gesorg vir pap en sous. Op 10 November was ons rygoed al voor ontbyt gepak. Na ontbyt het ons die pad gevat huis toe om te kom rus na ‘n woelige(?) week weg van die gewone gewoel. Dankie aan elkeen wat dit ‘n gedenkwaardige week gemaak het.